Towerlantern Fotografie

fotografienuus

april 2021

'n Lug met helder wolke

Lensopening: f11; Sluiterspoed: 1/160 sekonde; Fokale lengte: 21 mm

Die term “najaar” is miskien nie aan almal ewe bekend nie. Tog, dit gee ’n mooi beskrywing aan hierdie tyd van die jaar – dis nie meer somer nie, die herfs staan voor die deur, die dæ is behaaglik.

Hierdie uitgawe van *Fotografienuus* staan in die teken van die najaar soos wat ons voorbladfoto ook sê. Met ’n verskeidenheid foto’s verderaan wil ons die najaar as’t ware in jou huis inbring – sodat jy ook die mooiheid van die lewe kan geniet. Sorg ook dat jy aanblaai tot aan die einde tœ. Daar het ons ’n uitstalling van najaarfoto’s.

Ons voorbladfoto bring ons ook by die ander groot tema van hierdie uitgawe, naamlik wolkskappe en wolkfotografie. Miskien het jy nog altyd net vasgehaak by skemerwolke; dalk was jy nog atyd gefrustreerd met sons-ondergange wat vaal eerder as treffend is. Ons help graag met riglyne sodat jy “bokant die lyn” foto’s kan neem.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag ’n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto’s nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

Towerlantern Fotografie
- april 2021 -

voorbladfoto

Towerlantern verkondig permanent: Sien die lewe om jou raak! Daarmee bedœl ons nie dat jy van alles foto's mœt neem nie. Ons bedœl net, leef die lewe en wees reg met die neem van foto's; of dit nou met jou selfoonkamera of gewone kamera is. Wees bewus van die grond, die plante, die diere en die mense om jou. Kyk na die lug, en sê dankie vir die mooiheid daarvan en dat jy kan lewe.

Die voorbladfoto met wolke is 'n sprekende voorbeeld van "kyk na die lug". Min mense let op 'n weeksoggend om agtuur op na die lug en merk mooi wolke op. Hou egter in gedagte dat wolkfotografie 'n wonderlike en "maklike" fotogenre is. Wolkfotografie kan van enige plek – selfs jou werf – beœfen word.

Die tegniese inligting van die voorbladfoto word by die foto gegee en is standaard-in-stellings. Ons lig die stellings wel soos volg tœ:

- ✓ 'n middelgrootte lensopening (f11) vir 'n gemiddelde velddiepte;
- ✓ 'n vinnige sluiterspœd (1/160 sekonde) vir bewegende wolke; en
- ✓ 'n uitgezœmde lens (21 mm) vir maksimum wydheid en grootsheid van die toneel.

'n Belangrike, nie-tegniese saak, is dat wolkfoto's altyd geanker mœt wees. Dit kan reg-gekry word met 'n boom of landskap in die foto. Die vraag is egter: Wat nou as daar oral rondom strukture is (soos in die voorfbladfoto)? Die antwoord is: Maak vrede daarmee en neem die foto só dat dit min wys of weggesny kan word.

Lees verderaan ons wenke en riglyne vir wolkfoto's.

Wenke
vir die neem van WOLKFOTO'S

Almal het al sonsondergang-wolkfoto's geneem. Ons hœf egter nie net daarby stil te staan nie. Ons gee wenke om jou gedagtes bokant die lyn te bring; en ons gee ook riglyne verderaan.

WENK 1 Wees bewus daarvan dat daar verskillende "-skappe"- fotogenres is, met die bekendste sekerlik landskappe. Ander sluit in seeskappe en waterskappe, en dan natuurlik ook wolkskappe.

WENK 2 Mœnie totaal negatief wees oor mensgemaakte strukture in wolkfoto's nie. Die foto hierbo is die voorbladfoto met die strukture weggesny. Dit wil eenvoudig net nie werk nie.

WENK 3 Speel met die kamera-instellings. Besef veral dat effens onderbeligte sonsopkoms- en sonsondergangfoto's, en ook ander tye van die dag, baie meer treffend is as dié wat net op 'n outomatiese kamera-instelling geneem is. Die foto hierbo is byvoorbeeld op 'n helder wintersoggend geneem. Die wolke was dramaties en besonders, maar die onderbeligting maak dit nog soveel meer dramaties en besonders.

WENK 4 Onthou dat wolke deur die dag verskillende karaktertrekke het; en ook dat dit verskil van seisœn tot seisœn. Verder hang dit ook af van die bepaalde landstreek.

WENK 5 Mik steeds vir 'n ankerpunt in wolkfoto's (soos reeds genœm) eerder as om net 'n foto vol wolke te hê.

WENK 6 Wees bedag daarop dat weerlig soms ook saam met wolke (en wolkfotografie) kan gaan. Dit kan mooi foto's lewer – wees egter net versigtig.

WENK 7 Let op na die verskillende tema-uitbeeldings van die voorbeeldfoto's hieronder.



Towerlantern Fotografie
- april 2021-

RIGLYNE VIR WOLKFOTOGRAFIE

Ons aanvaar die volgende:

- Jy is gemaklik ingerig vir wolkfoto's in 'n redelike oopte.
- Die kamera is op 'n driepoot opgestel.

Speel rond met die opstelling en kamera-instellings. Hanteer die beligting om kunssinnige foto's te kry.

TIPE LENS

Vir 'n wye en grootse toneel mœt daar so veel as moontlik uitgezœm word. Vir 'n standaardlens van 18-55 mm is die keuse dus 18 mm. Dit mag wees dat daar dan te veel steurende items in die foto is – zœm dan effens in.

ISO

Hou die ISO so laag as moontlik – verhoog die waarde slegs as dit absoluut noodsaaklik is.

FORMAAT

Waarskynlik sal landskap-formaat die beste wees.

WITBALANS

Die witbalans-instelling sal heel moontlik "bewolk" wees, maar pas ook aan, byvoorbeeld na "helder son".

LENSOPENING

Kies 'n groot tot medium grootte lensopening. Omdat die wolke ver is, is velddiepte nie 'n faktor nie. Pasop net vir naby bome en strukture.

KEUSE VAN FOKUSPUNT

Omdat 'n wolk nie skerp is nie, is dit mœilik om op die wolk self te fokus. Kies dus 'n baie ver vaste punt, byvoorbeeld 'n berg of mensgemaakte struktuur, vir die fokuspunt en fokussering.

SLUITERSPOED

Gebruik die kamera se liniaal vir die korrekte sluiterspœd. Die instelling mœt redelik vinnig wees, sê maar 1/200 sekonde, vir in geval die wolke vinnig beweeg.

FYN FOKUSSERING

Kontroleer net weer die fokussering.

Towerlantern Fotografie
- april 2021-

Atmosferiese VERSKYNSELS

Wolke is baie beslis die bekendste atmosferiese verskynsel, en reënboë (waaroor ons verlede maand gesels het) in die tweede posisie. Daar is egter nog baie ander atmosferiese verskynsels hœwel die meeste daarvan tipies nie in Suid-Afrika waar te neem is nie.

As jy meer hieroor wil lees, raadpleeg die volgende skakel:
https://en.wikipedia.org/wiki/Optical_phenomena

Ons nœm slegs enkeles:

Sesriem-omgewing, Namibië

LUGSPIEËLING: Hierdie is die bekende verskynsel bokant 'n warm teerpad of wœstynsand (soos in die foto) waar dit lyk asof daar water op die pad of sand is. Dié verskynsel word veroorsaak deurdat ligstrale vanaf die lug net bo die horison weens die verskillende hittelæ bokant die terrein opwaarts na die kyker se oog gebuig word.

FATA MORGANA: Hierdie is die omgekeerde geval as die vorige. Dit kom voor bokant koue seewater of ysvelde. Dit kan selfs gebeur dat daar as't ware oor die ronding van die aarde tonele gesien kan word.


Fata morgana (Alamy Stock Photo)

Sonhonde (Wikimedia)

SONHONDE: Hierdie verskynsel kom selfs in Suid-Afrika voor en word veroorsaak deur ligbreking van sonlig deur yskristalle in die atmosfeer. Dit is een lid uit 'n grœp atmosferiese verskynsels wat bekend staan as stralekrans-verskynsels.

Towerlantern Fotografie
- april 2021-

DRIEPOOT

– WAARNA OM OP TE LET

Wil jy 'n driepoot koop, of dalk mœt? Waarna mœt opgelet word? Ons gee enkele algemene wenke. Let beslis daarna op nog voordat jy die kamera koop.

- ✓ Verseker dat die driepoot jou kamera kan dra. As die kamera op die driepoot is en die pote is op die verste uitgetrek, mœt die kamera baie stewig wees.
- ✓ Sorg dat jy regop – en nie geboë nie – staan as die gemonteerde kamera op sy hoogste posisie is.
- ✓ Maak seker dat die driepoot nie te lig is nie, maar aan die ander kant ook nie te swaar nie. Jy mœt dit immers kan dra.
- ✓ Die dwarssnit van die pote mœt eerder rond as vierkantig of driehœkig wees. Dit gee beter stewigheid.
- ✓ Die verbindingstuk tussen die driepoot en kamera mœt verkieslik die skarniertipe (Engels: *pan and tilt head*) wees en nie die baltipe (Engels: *ball head*) nie. Die foto wys die idee.
- ✓ Koop die driepoot eerder by 'n spesialiswinkel as by 'n algemene handelaar.

Towerlantern Fotografie
- april 2021 -

FOTO-idees

Klank

Maak jou keuse van mooi musiek. Luister daarna en luister ook na die woorde. Laat die musiek en woord jou inspireer om foto's te neem. Hier is een idee: *Lief vir alles hier* van André Schwartz. Luister by https://youtu.be/qVmzc2fa76I

Sig

Kies 'n onderwerp en soek op internet na foto's daarvan. Probeer die foto's nadoen. Jy hoef dit nie te beskou as plagiaat nie; beskou dit bloot net as oefen. Jy sal in elk geval na alle waarskynlikheid dit nie so kan kry soos wat die oorspronklike fotograaf dit gekry het nie. As alternatief, probeer ook om jou foto's van vroeër oor te doen.

Reuk

Maak 'n draai in jou kombuis en mik vir die kruie- en speseryrak. Daar moet sekerlik 'n geur wees wat jou aan iets laat herinner. Volg dié herinnering en neem foto's daarvan. En as jy dalk besluit om pannekoek te bak, stuur foto's daarvan vir Towerlantern. Dink ook aan:

> My nooi is in 'n nartjie,
> my ouma in kaneel,
> daar's iemand … iemand in anys,
> daar's 'n vrou in elke geur!
> – DJ Opperman

Towerlantern Fotografie
- april 2021-

Skryf in vir een van ons *aanlynkursusse*

Towerlantern Fotografie bied verskillende aanlynklasse in Afrikaans aan; party op enige tydstip, ander net op afgespreekte tye.

EERSTEVLAKKURSUS

'n Eerstevlakkursus waarin ons by die heel begin begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy mœt begin, dan is dit hier. Die kursus kan enige tyd begin.

Aantal lesings: 6
Spesiale prys tot einde April: R1000

25% AFSLAG

GEVORDERDEVLAKKURSUS

'n Gevorderdevlakkursus waarin ons die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder vœr. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word verder deurgetrek na impressionistiese fotografie. Hierdie kursus kan ook enige tyd begin.

Aantal lesings: 8
Spesiale prys tot einde April: R1000

25% AFSLAG

SPESIALISKURSUS

'n Spesialiskursus waarin op 4 onderwerpe gekonsentreer word. Hierdie kursus bou voort op dit wat in die gevorderdevlak gedœn is. Die hoofklem is egter hier praktiese werk – ook soms in mœiliker omstandighede. Hierdie kursus word halfjaarliks aangebied.

Aantal lesings: 8
Spesiale prys tot einde April: R1000

25% AFSLAG

SELFOONKAMERAKURSUS

'n Selfoonkamerakursus waarin die basiese elemente van fotografie bespreek word, met tœpassing op jou selfoon. In hierdie kursus sal jy meer leer hœ om besondere foto's te neem tot hœ om fotoverwerking op jou selfoon te dœn.

Aantal lesings: 4
Prys: R500

Dœn vir al hierdie kursusse navraag by: johan@towerlantern.co.za
Daar is steeds die permanente reëling dat daar 'n gœdkoper tarief is as twee persone uit dieselfde gesin saam aan 'n kursus deel het.

Towerlantern Fotografie
- april 2021-

advertensie

Pentax K20D in gœie werkende tœstand te koop.
70-300mm Sigma lens addisioneel. **Maak 'n aanbod.**

https://www.bhphotovideo.com/c/product/542060-REG/Pentax_19381_K20D_SLR_Digital_Camera.html/overview

The **Pentax K20D SLR Digital Camera** provides the perfect combination of advanced SLR functions and ease-of-use features to satisfy the photo enthusiast and professional photographer. The 14.6 megapixel CMOS sensor offers superior image resolution with maximum control over noise, and the sensor-shift Shake Reduction system is compatible with any Pentax lens ever produced, including the latest SDM lenses.

Skakel
Elmarie de Beer
0826031464

OP INTERNET GESIEN

Het jy geweet dat rook eintlik uit klein deeltjies bestaan? Ons het hierdie foto van Grover Schrayer op internet raakgeloop en dink dis 'n oulike idee om na te volg. Speel rond met rook en makrofoto's en stuur gerus van jou foto's vir ons.
Jy kan na nog van Schrayer se foto's kyk by:
https://www.flickr.com/photos/14833125@N02/

HOËSPOEDFOTOGRAFIE

Alle fotograwe weet dat die keuse van die sluiterspoed-stelling 'n reuse effek het op hoe bewegende onderwerpe vasgevang word.

Vir alledaagse gebruik sal 'n sluiterspoed van 1/50 sekonde reeds sorg dat daar min beweging in 'n foto is (afhangende natuurlik van die spoed van die onderwerp). Maar wanneer die sluiterspoed vinniger as 1/500 sekonde word, sal jy die volle effek begin sien van die vinniger sluiterspoed se vermoë om beweging te vries.

Vir die beste resultate by hoëspoedfotografie, moet jy die volgende sake in gedagte hou:

- 'n groot lensopening (f2.8 en groter)
- baie goeie lig-omstandighede
- 'n hoër ISO, binne perke (800+).

Benut ook die "burst"- of "continuous"-stelling om 'n reeks foto's na mekaar te neem – sodat jy niks mis nie!

Ten slotte, as jy foto's wil neem van waterballonne wat bars of water wat spat, sal jy baie goeie beligting benodig, byvoorbeeld dié van 'n ekstra skerp lig of goeie kameraflits.

Stuur jou foto's vir ons!

Word deel van Towerlantern se Fotovriende

Wil jy graag maandeliks 'n fototema ontvang waaraan jy kan werk? Ons bied jou die geleentheid om aan te sluit by ons Fotovriende-groep. Al vereiste is dat jy 'n redelike beheer oor jou kamera (of selfoonkamera) se instellings moet hê.

Die fyner detail is soos volg:

- ✓ Die maandelikse opdrag word aan die begin van 'n maand uitgestuur.
- ✓ Vyf foto's moet teen die 25e van die maand ingestuur word vir bespreking. Dit kan aparte foto's wees, maar ons verkies dit in 'n PowerPoint-aanbieding.
- ✓ Die koste is R50 per maand, R135 per kwartaal of R480 per jaar. Jy kan enige tyd begin.

As 'n lusmaker: In die galery hierna word foto's uitgestal van 'n aantal Fotovriende se Maart-foto's. Die tema was NAJAAR. Geniet dit saam met die uitstallers.

Towerlantern Fotografie
- april 2021-

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Dorette Cilliers
Titel: Wanneer die natuur sy somersjas ophang en homself in najaarsklere uitdos



GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Elize Odendaal
Titel: Vat jou gœd en trek ...

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Elna Geringer
Titel: Dragon fruit smoothie

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Gawie Rousseau
Titel: Herfsblare

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Johan de Klerk
Titel: Granaat-tolbos

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Johann Nel
Titel: Handvol gras ...

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Josef Steyn
Titel: Die najaar in 'n lensbal

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Kobie Fourie
Titel: Want liefde kosmos niks

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Lallie Campher
Titel: Kaggelsnœsigheid

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Lydia le Roux
Titel: Najaar-kosbaarheid

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Marinda Erasmus
Titel: Die verskillende fases van herfs



GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Peet Ryke
Titel: Bruin bly staan, maar Najaar laat grœn vir geel vertaan



GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Tanya Reeder
Titel: Bytjie-partytjie

GALERY: NAJAAR

Fotovriende

Fotograaf: Veronica Heersink
Titel: Najaarslelies – onaangeraak